Begrotingsrede 2020

Belastingskale

Alle belastingbetalers sal belastingverligting bo die inflasiekoers ontvang vir die jaar.

Individue en spesiale trusts	
Belasbare inkomste (R)	Belastingkoers
0 – R205 900	18% van belasbare inkomste
R205 901 – R321 600	R37 062 + 26% van belasbare inkomste bo R205 900
R321 601 – R445 100	R67 144 + 31% van belasbare inkomste bo R321 600
R445 101 – R584 200	R105 429 + 36% van belasbare inkomste bo R445 100
R584 201 – R744 800	R155 505 + 39% van belasbare inkomste bo R584 200
R744 801 – R1 577 300	R218 139 + 41% van belasbare inkomste bo R744 800
R1 577 301 en meer	R559 464 + 45% van belasbare inkomste bo R1 577 300

Alle kortings word effens verhoog. Die primêre korting vir belastingbetalers onder 65 jaar is R14 958, die sekondêre korting vir belastingbetalers van 65 jaar en ouer is R8 199 en die tersiêre korting vir belastingbetalers van 75 jaar en ouer is 'n addisionele R2 736. Dit beteken die belastingdrempel styg tot R83 100 vir persone van 65 en jonger, R128 650 vir persone van 65 en ouer en R143 850 vir belastingbetalers van 75 jaar en ouer.

Dividendbelasting en rentevrystelling

Dividendbelasting is onveranderd op 20%. Die rentevrystelling bly R23 800 vir belastingbetalers wat jonger as 65 is, en R34 500 vir belastingbetalers van 65 jaar en ouer.

Kapitaalwinsbelasting (KWB)

Insluitingskoerse vir kapitaalwins bly 40% vir natuurlike persone en 80% vir maatskappye en trusts. Dit beteken die maksimum KWB-koerse is:

Natuurlike persone en spesiale trusts:	18%
Maatskappye:	22.4%
Ander trusts:	36%

Die jaarlikse uitsluiting bly R40 000, en die uitsluiting by dood bly R300 000.

Korporatiewe inkomstebelasting

Die belastingskale van klein sakeondernemings is effens aangepas, terwyl die belastingkoerse van alle ander maatskappye onveranderd bly. Om ekonomiese groei te bevorder, beoog die regering om die korporatiewe inkomstebelastingstelsel oor die medium termyn te herstruktureer, deur die basis te verbreed en die korporatiewe inkomstebelastingkoers te verminder. Om die basis te verbreed, sal belastingaansporings tot die minimum beperk word, en nuwe beperkings op rente-aftrekkings asook geassesseerde verliese ingestel word. Korporatiewe belastingkoersverlagings sal op 'n inkomste-neutrale wyse in werking gestel word. Maatskappye sal vorige belastingverliese teen hoogstens 80% van die huidige jaar se winste kan aftrek. Dit sal beteken dat minstens 20% van 'n maatskappy se inkomste belasbaar is, ongeag vorige geassesseerde verliese. Die regering stel voor dat netto rentekoste-aftrekkings tot 30% van verdienste beperk word vir jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 2021 begin.

Hereregte

Verligting word verskaf op hereregte van toepassing op eiendom wat deur enige persoon (maatskappye, beslote korporasies en trusts ingesluit) verkry word. Die nuwe koerse is soos volg:

Hereregte	
Waarde van eiendom (R)	Belastingkoers
0 – R1 000 000	0% van eiendomswaarde
R1 000 001 – R1 375 000	3% op die waarde bo R1 000 000 maar nie meer as R1 375 000 nie
R1 375 001 – R1 925 000	R11 250 plus 6% op die waarde bo R1 375 000 maar nie meer as R1 925 000 nie
R1 925 001 – R2 475 000	R44 250 plus 8% op die waarde bo R1 925 000 maar nie meer as R2 475 000 nie
R2 475 001 – R11 000 000	R88 250 plus 11% op die waarde bo R2 475 000 maar nie meer as R11 000 000 nie
R11 000 001 en meer	R1 026 000 plus 13% op die waarde bo R11 000 000

Motorvoertuig-uitgawes

Die aftrekbare vastekoste-uitgawe is ietwat verlaag, maar brandstof- en onderhoudskoste is verhoog om tred te hou met hoër brandstof- en onderhoudskoste.

Trusts

Geen veranderings aan die belasting van trusts is aangekondig nie.

Mediese belastingkrediete

Die belastingkrediet vir die eerste twee afhanklikes styg tot R319, en vir addisionele afhanklikes word dit verhoog tot R215. Wanneer die Nasionale Gesondheidsversekerings-plan in werking gestel word, sal hierdie belastingkrediete gekanselleer word.

Aftreefondsveranderings

Geen veranderings is aangebring aan die enkel-bedragkoerse by onttrekking of aftrede nie.

'n Belastingbetaler sal bydraes tot enige aftreefonds kan aftrek tot 'n maksimum van 27.5% van vergoeding vir LBS-doeleindes of belasbare inkomste, wat ook al die grootste is (albei sluit aftreefonds-enkelbedrae en skeidingsvoordele uit). Die aftrekking word beperk tot maksimum R350 000.

Die veranderinge in valutabeheermaatreëls sal die hersien van onttrekkingsreëls uit aftreefondse insluit.

Belastingvrye spaarrekeninge

Die maksimum jaarlikse bydrae tot belastingvrye spaarrekeninge styg tot R36 000 per jaar.

Bestaanstoelae

Die daaglikse bestaanstoelae styg tot R452 per dag vir etes en toevallige koste, en R139 per dag vir toevallige koste alleenlik.

BTW-koers

Die BTW-koers bly konstant op 15%.

Aksynsregte en heffings

Aksynsregte en heffings word vanaf 1 Maart 2020 soos volg verhoog:

- Spiritualieë: styg met R2.89 per bottel
- Bier: styg met 8c per blikkie
- Wyn: styg met 14c per 750 ml
- Sigarette: styg met 74c per pakkie van 20
- Brandstofheffing: styg met 16c per liter vanaf 1 April
- Padongelukfondsheffing: styg met 9c per liter
- Heffing op plastieksakke: styg met 13c per sakkie

Boedelbelasting en skenkings

Boedelbelasting word steeds gehef teen 20% op die eerste R30 miljoen van 'n boedel en teen 25% op die waarde bo R30 miljoen. Daarmee saam bly die skenkingsbelasting op jaarlikse skenkings bo R30 miljoen ook 25%. Die boedelbelastingkorting en vrystelling ten opsigte van skenkingsbelasting bly dieselfde. Die verskil tussen die amptelike rentekoers en die rentekoers wat op lenings aan trusts gevra word, sal aan skenkingsbelasting onderhewig wees.

Vrystelling van buitelandse salarisse

Vanaf 1 Maart 2020, indien 'n Suid-Afrikaner meer as 183 dae per jaar in die buiteland werk, is die eerste R1 250 000 van hul buitelandse salaris van belasting vrygestel. Dit sluit ander bronne van inkomste uit.

Valutabeheermaatreëls

Ná die wysigings aan die inkomstebelastinghantering van Suid-Afrikaanse belastingpligtiges wat inkomste van buite die land ontvang, stel die regering voor dat die valutabeheer op individue geskrap word, terwyl belastingmaatreëls verskerp word. Individue sal nou meer as R10 miljoen per jaar oorsee kan belê, onderhewig aan oudits en risiko-assesserings. Dit sal ingefaseer word vanaf 1 Maart 2021. Die omsigtigheidsperke van toepassing op institusionele beleggers soos kollektiewe beleggingskemas bly dieselfde.

Welstandsfonds

Die Nasionale Tesourie doen tans 'n werkbaarheidstudie vir 'n welstandsfonds, wat moontlik befonds kan word uit die opbrengste van, onder andere, spektrumtoewysings en die verkoop van nie-kernbates om kapitaal te befonds. Daarby sal fiskale reëls in plek gestel word wat fiskale oorskotte in die fonds bewaar, wat moontlik kan help om wisselvallige inkomste te bestuur.

Ronald N King CFP®

Hoof: Openbare Beleid- & Regulatoriese Sake

Finansiële adviseurs oorweeg relevante belastingaspekte gekoppel aan finansiële advies, maar verskaf nie belastingadvies as sulks nie. Ons stel voor dat kliënte 'n belastingpraktisyn of -kundige raadpleeg vir belastingadvies wanneer hulle hul belastingopgawes voltooi. Die menings wat in hierdie dokument uitgespreek word, is die menings van die skrywer en nie noodwendig dié van PSG Konsult nie, en maak nie advies uit nie. Hoewel hierdie dokument met die grootste sorg nagevors en opgestel is, kan geen verantwoordelikheid aanvaar word vir handelinge wat op grond van inligting in hierdie nuusbrief onderneem word nie. Raadpleeg asseblief 'n adviseur vir 'n verpersoonlikte mening indien u verdere inligting verlang.

Kopiereg © 2020. Geaffilieerdes van die PSG Konsult Groep is gemagtigde finansiële diensverskaffers.